# Minky die Apie




'n Boekie om kleintjies bewus te maak van seksuele molestering



Minky die apie, is besig om buite saam met haar maatjies wegkruipertjie te speel.

Dis Minky se beurt om weg te kruip. Haar maats kry haar altyd, en sy besluit om hierdie keer op 'n plek weg te kruip waar niemand haar sal kry nie.

Maar Minky verdwaal, en terwyl sy probeer om by die huis uit te kom ontmoet sy 'n paar diere......



Die eerste dier wat Minky ontmoet is Pieter Beer....

Hello Minky!

Jou stertjie is darem maar lank en sag, As jy my toelaat om dit te kielie, sal niemand vir jou lag.

Asseblief tog, net 'n bietjie, ek sal vir jou 'n liedjie sing, en niemand hoef te weet van hierdie ding!

Minky skree so hard as wat sy kan: "Nee! dis my lyfie, en ek sê nee, nee

Neeeeee!!!!





Terwyl Minky nog vir Pieter Beer weghardloop, loop sy vir Willie die Hond raak. Minky is baie verlig, want honde is mos gawe diere, maar O tog! Willie wil ook snaakse goed met haar doen.


Hi Minky! Ek is jou vriend. Mag ek jou oulike ruggie krap? Ons kan na die parkie draf. As jy sê ek mag, belowe ek om nie te blaf!



Minky skree weer so hard as wat sy kan: "Nee! dis my lyfie en ek sê nee, nee, neeeeeeee!

Terwyl Minky die pad huistoe soek,
kom Otjie vark verby haar gestap...

Hello Minky! Mag ek vir vlooie op
jou mooie ou magie kyk?






Ek sal saggies werk, en ek stink nie!
Dan koop ek vir jou 'n koeldrank,
wil jy nie iets hê om te drink nie?

Maatjie, wat moet Minky sê?

Nee, dis my lyfie en ek sê nee, nee
neeeeeeee.....



Minky voel glad nie lekker nie. Sy is bang en verlang na haar mamma en pappa.

Toe kom Harold die Hoender op haar af waar sy sit en huil. Minky, wees my maatjie en kom lê hier langs my. As ek aan jou kan vat sal ek 'n goue eier vir jou gee. Dit gaan lekker wees, jy sal sien! Ek is seker jy wil graag 'n goue eier verdien.

Wat sê Minky toe vir hom?



Nee, dis my lyfie en ek sê nee, nee, neeeeeee!

Terwyl Minky van Harold die Hoender af weghardloop, stap Kietsie die Kat by haar verby. Kietsie is baie vriendelik, en Minky is SO bly om uiteindelik iemand in die nare ou bos te kry wat nie snaakse goed met haar wil doen nie!




Maar Kietsie was nes al die ander... Ek is vriende met jou Pappa, sê Kietsie Kat. Kom ek soen jou in jou nekkie, dan voel jy sommer gou gou beter. Minky skree hard: Nee, dis my lyfie en ek sê nee, nee, neeeee!





Die volgende oomblik hoor Minky haar Pappa se stem: Hallo Minky, waarheen het jy verdwyn? Ons het al oral vir jou gesoek, maar kon jou nêrens kry nie! Kom gee vir my 'n drukkie, dan hou ek jou 'n rukkie vas.
Ek wil nie hê dat jy weer alleen hier moet rondloop nie, hier is baie vreemde diere hier rond.

Minky sê vir haar Pappa: Natuurlik kan Pappa my 'n drukkie gee, jy is dan my enigste, liefste Pappa, en ek is jou Minky!




Maatjie, dink jy dit was reg van die diere om Minky te vra om aan haar lyfie te vat?



Was jy partykeer bang vir van die diere gewees?

As iemand dalk al aan jou gevat het op 'n manier waarvan jy nie gehou het nie, moet jy dit vir 'n grootmens gaan vertel. Ook as hulle net vra en jy soos Minky nee sê. Dan moet jy nogsteeds vertel. Daar is sekere plekke waar niemand mag vat nie.

Hoe weet jy waar iemand anders nie aan jou mag vat nie? Kom ek help jou. Hou jy van swem? Wat trek jy aan wanneer jy gaan swem?



Dis reg, jy trek swemklere aan wanneer jy gaan swem. Oral waar jou swemklere jou lyfie toemaak mag niemand anders aan jou vat nie. Ons noem dit jou privaat dele, want niemand anders mag daar aan jou lyfie vat nie!

Kom ons kyk gou:

* Waar maak die dogtertjie se swem-klere oral toe?
* Waar maak die seuntjie se swem-klere oral toe?

So, as iemand probeer om daar te vat waar die dogtertjie of seuntjie se swemklere toemaak, of hulle wil hê jy moet aan hulle s'n vat, wat gaan jy maak?

Jy gaan sê wat Minky gesê het:
Nee, dis my lyfie en ek
sê nee, nee neeeeeee!

